

Donderdag 1 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-11

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:10

God van alle genade roep ons om te deel in die ewige heerlikheid!

Reeds in 65 nC is God se kinders vervolgd en is hulle tenagekom in die samelewing. Dit is ook soos in vandag se tyd, die aanslae word net al meer en meer en ons drie doodsnyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees (HK v/a 127) hou nie op om ons aan te val nie. Die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind. Dit kan maak dat ons dalk moedeloos of bang of benoud raak. Wat gaan van ons word? Wat gaan van ons kinders en kleinkinders word? Wat gaan met die kerk gebeur? Maar dan openbaar Petrus 'n onweerlegbare, vertroostende feit waaraan ons altyd moet vashou! Ons God van alle genade sal ons altyd bewaar, en daarom moet ons uit dankbaarheid, in nederigheid, in waaksaamheid, in 'n vaste hoop op God as die genadige God altyd vertrou.

Ons het God se genade! God het ons uit genade geroep tot sy kinders. In 1 Petrus 1:2 lees ons dat God al voor ons geboorte ons bestem het om sy kinders te wees, en hierdie roeping kom deur die evangelie na ons toe. Ons lees dat ons die nuwe lewe (wedergeboorte) reeds ontvang het en deur die Heilige Gees afgesonder is vir God. En dit alles uit suiwer genade, sonder enige verdienste. Hierdie veelvoudige genade (1 Pet. 4:10) is aan ons gegee.

Ons het God se roeping om te deel in die genade! Hierdie roeping van God is nie maar 'n uitnodiging wat jy kan aanvaar of verwerp soos wat jy wil nie. Die heilige roeping is meer 'n Goddelike, heilige opdrag wat ons moet gehoorsaam. Dit is 'n opdrag van ons Hemelse Vader wat ons moet gehoorsaam. Hierdie opdrag strek baie verder as blote glo, maar dui ook daarop dat ons heilig moet wees (vgl. 1 Pet. 1:16; 2:9). Hierdie roeping is sodat ons in die voetspore van Christus kan lewe (vgl. 1 Pet. 2:21). Ons roeping is ook om in die wêreld die seën van God te verkondig (1 Pet. 3:9).

Ons het God se belofte van 'n ewige heerlikheid! God se groot genade word ook daarin geopenbaar dat ons geroep word om deel te hê aan die ewige heerlikheid van Jesus Christus. Dit is die wonderlike erfenis. Alhoewel ons op die aarde altyd 'n strydende kerk sal wees, altyd 'n stryd sal hê teen die sonde en Satan wat rondloop soos 'n brullende leeu, sal ons die ewige heerlikheid beërf. Dit is reeds ons deel in en deur Jesus Christus.

Ons lewe en ons werk op hierdie aarde in die vreugde van ons verlossing in en deur Jesus Christus. Ons is geroep om as God se kinders met vreugde te lewe. Daarom bring ons aan Hom altyd die eer en die heerlikheid. Hy alleen is die ware God.

Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid!

Sing: Psalm 131-1:1-3

Ds. GS Kruger (Gerrit) (Centurion)